SA GEMEENTE
SA CONGREGATION



"Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek."
Efesiërs 3:18

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Nuuskierig en Nuus-keurig

Afrikaans sê so mooi: 'van nuuskierigheid is die kerke leeg en die tronke vol'. Dit is in die mens se natuur om nuuskierig te wees en ondersoek in te stel. Baie gelowiges meen nuuskierigheid is 'n Goddelike gawe wat ons dryf om te verken, te leer en te groei. In Spreuke 25:2 staan daar: "*Dit is die eer van God om 'n saak te verberg, maar die eer van konings is om 'n saak te ondersoek.*" Hierdie Skrif moedig ons aan om kennis en begrip te soek, wat uiteindelik God se beeld as die Skepper en Kenner van almal en alles sal weerspieël.

Te midde van die groot "cloud" van inligting wat vandag beskikbaar is, is dit deurslaggewend om onderskeid te kan tref tussen die kaf en die koring. Spreuke 4:23 beveel aan: "*Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want alles wat jy doen vloei daaruit voort.*" Dit vereis 'n noukeurige keuse van wat ons toelaat om ons gedagtes en harte te beïnvloed. Nie alle inligting is opbouend of waar nie; sommige kan ons op 'n dwaalspoor lei of verwarring saai.

Om ons nuuskierigheid te balanseer met onderskeidingsvermoë behels gebed en die leiding van die Heilige Gees. Jakobus 1:5 belowe: "*As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt.*" In oorleg met God, kan ons deur die oorvloed van kennis en nuus navigeer, om gevolglik noukeurig te kan kies met 'n hart wat na waarheid en groei in Christus soek.

Hierdie sinergie en balans, tussen nuuskierigheid en noukeurige keuse, verseker dat ons strewe na kennis ons nader aan God lei, en ons lewensreis sal groei tot 'n Geestelike volwassenheid en 'n dieper begrip van Sy skepping. So groei ons in wysheid en geloof, en word meer effektiewe dissipels.

André

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tema vir die Maand

## Nuuskierig oor Christus

Die Evangelies vertel hoe skares mense agter Jesus aangetrek het om te hoor en te luister na Sy onderrig en die wonders van Sy hande te sien. Nuuskierigheid veroorsaak dikwels die reis na geloof, wat individue lei om dieper betekenis en waarheid te soek. Dit is vandag nie veel anders nie.

Terwyl mense die doel van die lewe bevraagteken en hulle innerlike leemte konfronteer, vind hulle Jesus se boodskap uiters oortuigend. Sy woorde bied nie net antwoorde nie, maar 'n transformerende verhouding met God. Hierdie soeke na begrip trek mense om Jesus te volg, om Sy leiding te omhels en die diepgaande vrede en vervulling te ervaar wat voortspruit uit die lewe volgens Sy Woord. Deur nuuskierigheid ontdek baie die diepgaande liefde en ewige belofte wat in Christus alleen gevind word.

Jesus se onderrig en leringe, gekenmerk deur liefde, genade en hoop, boei vandag nog harte en gedagtes. Die Evangelies nooi ons steeds om Jesus se voetspore te volg en Sy gelykenisse te verken.

Mag ons noukeurig omgaan met die nuus wat ons lewens, harte en gedagtes vul.

Ek sien uit om Sondag saam met jou in die voetspore van Jesus te loop, en noukeurig by God se Woord tyd te spandeer.

Seënwense,
Andrè

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE


30STE VERJAARSDAG PARTYTJIE
SPORTDAG EN PIEKNIEK
AURORA BOREALIS - FOTO'S
RESEP VAN DIE MAAND
BONUS RESEP
THE LITTLE OLD LADY CAMPER
DANDELION
TAKE THIS MOMENT
WAT IS 'N PA?
JUNIE INSPIRASIE
KONTAK ONS





## Kom hou saam partytjie!

## 6 Julie 14:15- 20:00

Ons gaan saam kuier, braai en sokkie!
Daar gaan vir almal 'n boereworsrol wees- ook braaiers indien jy jou eie vleis wil braai.
Bring ook 'n piekniekmandjie propvol lekker eet- en drinkgoed saam.

Bentley Heath Community Hall,
Widney Road, Bentley Heath, Solihull, B93 9BQ.
(Almal ruim asb op na die partytjie!)
**Onthou daar is nie 'n Gemeente braai op 7 Julie nie**

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Sportdag en piekniek



## Kingsbury Water Park,

Sportdag en Piekniek
18 Mei 2024

PICNIC











# SA GEMEENTE
## SA CONGREGATION
















MARVEL















SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Aurora Borealis ( Northern Lights)

### Sigbaar in die VK 10 Mei







Liesl de Klerk
uit
Oxford







Jaco de Klerk
uit Oxford

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION


# Aurora Borealis
# ( Northern Lights)







Francois Viljoen
uit
Balsall Common



Christine Kritzinger
uit Manchester








SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Resep van die Maand

## Pecan Toffee Cake

Ingredients

300g pecan halves
150g stoneless dates
200g butter, softened, plus extra for greasing
200g muscovado sugar
1 tsp mixed spice
4 eggs, beaten
150g self raising flour
Maple syrup, to serve
Vanilla ice- cream, to serve




Method:

1. Put 100g pecans into a processor and whizz until fine- and tip into a bowl. ( If you haven't got a processor, place the nuts in a plastic bag, put a tea towel over the top and gently bash them with a rolling pin until finely broken up.) Put the dates into a small pan with enough water to cover and boil for five minutes until very soft. Drain, discarding the liquid, then whizz in the processor until smooth. Or alternatively, chop finely. Leave to cool.
2. Heat oven to 180 degrees C/ fan 160. Butter and line the base of a 23cm cake tin. Beat the butter, sugar and spice together until light and creamy, then tip in the dates, ground pecans, eggs and a pinch of salt. Beat briefly until smooth.
3. Fold in the flour with a metal spoon, then spoon into the tin and level the top. Sprinkle the remaining nuts over the top (don't press them in), then bake for 40 minutes or until risen and golden and a skewer comes out clean. Serve warm, with generous drizzles of maple syrup and scoops of vanilla ice-cream.

*Baie dankie Elmari Botha dat jy jou staatmaker resep met ons gedeel het!*

# Bonus-Resep

## Sjokolade mousse/ tert

200gr donker sjokolade
20 groot marshmallows
1 blik ‘evaporated melk’ (verkoel)
5ml vanilla extract
Knippie sout
2 teelepels suiker

Smelt sjokolade en marshmallows met 2eetl van ‘evaporated melk’ in mikrogolf (ongeveer 1 minuut en roer elke 30 sekondes)
Klits res van ‘evaporated melk’ styf.
Meng gesmelte sjokolade mengsel met ‘evaporated melk’ en gooi suiker, vanilla en sout by.
Verdeel in aparte bakkies of maak tert met tennis beskuitjies en versier!
Sit in yskas tot koud.



*Baie dankie Elmari Botha vir die bonus resep !*

# The little old lady camper

from: Giggles and mustard seeds fb blad

The story is told of a lady who was rather old-fashioned, always quite delicate and elegant, especially in her language. She and her husband were planning a week's vacation in Florida, so she wrote to a particular campground asking for a reservation.

She wanted to make sure the campground was fully equipped, but didn't quite know how to ask about the toilet facilities. She just couldn't bring herself to write the word "toilet" in her letter. After much deliberation, she finally came up with the old-fashioned term BATHROOM COMMODE. But when she wrote that down, she still thought she was being too forward. So she started all over again and rewrote the entire letter referring to the bathroom commode merely as the BC. "Does the campground have it's own BC?" is what she actually wrote.
Well, the campground owner wasn't old-fashioned at all, and when he got the letter, he just couldn't figure out what the woman was talking about. That BC business really stumped him.

After worrying about it for a while, he showed the letter to several campers, but they couldn't imagine what the lady meant either. So the campground owner, finally coming to the conclusion that the lady must be asking about the local Baptist Church, sat down and wrote the following reply:

Dear Madam: I regret very much the delay in answering your letter, but I now take pleasure in informing you that a BC is located nine miles north of the campground and is capable of seating 250 people at one time. I admit it is quite a distance away, if you are in the habit of going regularly, but no doubt you will be pleased to know that a great number of people take their lunches along and make a day of it. They usually arrive early and stay late. It is such a beautiful facility and the acoustics are marvellous. Even the normal delivery sounds can be heard.
The last time my wife and I went was six years ago, and it was so crowded we had to stand up the whole time we were there. It may interest you to know that right now a supper is planned to raise money to buy more seats. They are going to hold it in the basement of the BC.

I would like to say it pains me very much not to be able to go more regularly, but it surely is no lack of desire on my part. As we grow old, it seems to be more of an effort, particularly in cold weather.

If you do decide to come down to our campground, perhaps I could go with you the first time you go, sit with you, and introduce you to all the other folks.

Remember, this is a friendly community.

Sincerely,
Campground Owner

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • JUNIE 2024

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Dandelion

~ Author Unknown

**"The dandelion is the only flower that represents the three celestial bodies of the sun, moon, and stars":**

The yellow flower resembles the sun, the puff ball resembles the moons, and the dispersing seeds resemble the stars.

The dandelion flower opens to greet the morning and closes in the evening to go to sleep.

Every part of the dandelion is useful: root, leaves, flower. It can be used for food, medicine, and dye for colouring.

Up until the 1800s, people would pull grass out of their lawns to make room for dandelions and other useful "weeds" like chickweed, malva and chamomile.

The name dandelion is taken from the French word "dent de lion" meaning lion's tooth, referring to the coarsely-toothed leaves.

Dandelions have one of the longest flowering seasons of any plant.

Dandelion seeds are often transported away by a gust of wind and they travel like tiny parachutes.




Seeds are often carried as many as five miles from their origin!

Birds, insects, and butterflies consume nectar or seeds of dandelion.

Honey from bees pollinating dandelions is quite delicious.

Dandelion flowers do not need to be pollinated to form seeds.

Root of dandelion can be used as a substitute for coffee.

Dandelion is used in folk medicine to treat infections and liver disorders.

Tea made of dandelion act as a diuretic.

If you know dandelions, they'll grow shorter stalks to spite you.

Dandelions are, quite possibly, the most successful plants that exist.

They are masters of survival worldwide."

*.... do you think this "just happened"? Our Lord God made it all!!*

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Take this moment

Take this moment, sign and space;
take my friends around;
here among us make the place
where Your love is found.

Take the time to call my name,
take the time to mend
who I am and what I've been,
and I've failed to tend.

Take the tiredness of my days,
take my past regret,
letting Your forgiveness touch
all I can't forget.

Take the little child in me,
scared of growing old;
help him/her here to find his/ her worth
made in Christ's own mould.

Take my talents, take my skills,
take what's yet to be;
let my life be Yours, and yet,
let it still be me.

*(John I Bell and Graham Maule)*

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • JUNIE 2024

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Wat is 'n Pa?
## (deur die oë van 'n kind)




So ietsie uit die oog van ‘n kind:

Pa's hou baie van teevee kyk op Saterdag.

Pa's wil slaap op Sondae.

Pa's maak braaivlys vir kos en is sterk en sê hille is die baas.

Pa's het visstokke, grawe en baie anner goet in die graatsh en hille vee nie uit en stof af nie.

Pa's lees as hille kamer verlaat.

Pa's hou van tannies wat nie gelt het vir kleere nie en wat net kostjums dra.

Pa's gee hart pak as ma so sê.

Pa's gaan op vikansie en vat ma's en kinners altyt saam.

Hille krap hille gesigte skoon want dit wort vol hare as hule slaap.

Pa's werk altyt as kinners iets wil doen, en het baie werk vir kinners.

Ma's het ook baie werk vir pa's.

Pa's is kwaai maar hille is bang vir ma's.

***Mag dit vir elke Pa ‘n vrolike Vadersdag wees!***




(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • JUNIE 2024

## KALENDER

2 JUNIE EREDIENS 10 UUR

9 JUNIE HUISKERK 9 UUR

16 JUNIE EREDIENS 10 UUR

23 JUNIE HUISKERK 9 UUR

30 JUNIE HUISKERK 9 UUR

## Junie Inspirasie



**'The important thing is not to stop questioning. Curiosity has its own reasons for existing.'**

**Albert Einstein**

## Bid saam:

Here,
Maak my geduldig,
help my om die goeie in ander te soek,
die beste in myself te ontdek,
en so die GOEIE Nuus van U
te deel en uit te leef.
Amen

# Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Middellande

**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 1ste en 3de Sondag van die maand om 10:00

**Adres:**
Alderbrookskool.
Blossomfield Road, Solihull, B91 1SN

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG003 na 70191**
**Vir direkte inbetaling:**
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Birmingham
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Birmingham)**

# Kontak Helena



Helena Claassen
Epos: helena@sagemeente.com